GEBEDSLYS

Siekes, verswaktes en mense in Ouetehuise; **Mariska Meyer (Claassen)**, kanker (072 284 5408); **Leanda Louw**, kanker en asmatiese brongitis (082 301 6222); **Dorie v/Heerden**, (dogter Lidia Gerber hier 082 468 8689); **Lizette Fitzhenry**, kanker (082 574 5046); **Susan Barnard**, kanker (072 793 5921); **Edward Weston**, kanker (082 900 9364); **Elsa van Niekerk**, kanker (082-454 0699); **Franci Swanepoel**, kanker (044-690 7442); **Elfrieda Louw** (084-240 4279), Siegfried se vrou, kry chemo; **Harm Cuperus**, (Marie 083 504 7315); **Jan de Beer**, o.a. Heup vervang (079 775 3923); **Emil Kaltenbrunn**, rug operasie, (082 924 7210); **Hannie Dry,** rug operasie (083-688 9231); **Tryana Potgieter**, vasculitis vd brein (072-460 3861); **Gustav Kruger**, kanker (082-572 2024); **Sophie Liebenberg**, kolon (072-125 7191); **Lorraine Halkett**, kanker, Bayview, (0446904897); **Chrisna Nel**, knie vervang (083-778 2950) **Carina Meyer** (van Henri) se Pa is steeds in hoësorgeenheid na beroerte; **Derick Graham**, kanker (082 450 0382); naasbestaandes van **Gerda de Waal** (dogter Marise (082 923 2711).

CD BESTELLINGS

By die deure is Koeverte vir die bestel van CD's (R20 per CD). Vul jou besonderhede op die koevert in, sit die geld binne-in en pos dit sommer in die kollektebordjie.

L.W FINANSIËLE BYDRAES

Vir dankoffers & spesiale projek bydraes:
NG Kerk Mosselbaai
ABSA – 2070580023
(Indien jy vir 'n spesiale projek bydra, gee jou naam en projek by die verwysing.)
Vir sendingbydraes:
GO NG Kerk Mosselbaai
ABSA spaar – 9305467263
Takkode: 632 005

BEDIENINGE

Gebed: Corrie Prinsloo (082 331 1724) en Monica van Niekerk (082 859 8599)
Roeping: Lorinda Maritz (044 693 0097)
Erediens: Carel Kuun (082 335 4864)
Diakonie: Libbie Young (083 759 7815)
Familie: Nico Knoetze (083 656 2129)
Kleingroepe: Basie Fourie (083-310 0811)
Omgee: Elize Barnardt (082 829 8133)
Sending: Ena Loubser (082 736 5339)
Aksie Sam: Mandie Black (082 451 3543)
Finansies: Cobus Coetzee (082 453 3305)
Eiendomme: Lodewyk Coetzee (082 939 0443)
Seniors: Johan Swart (081 875 5178)
Kommunikasie: Anna-Mari Kruger
Gasvryheid: Marisca Nordjé (082 780 2408)
Nuwe Lidmate: Yolande v Dyk (082 653 4769)
DVK: André Geldenhuys (083 455 7764)

KERKKANTOOR

Kantoorure : Maan.– Vry. 08:00 tot 14:00 & Sondagoggend na die eredienste
Admin- en Kommunikasiebeampte:
Corné Human - 044 691 2465
E-pos: admin@ngmosselbaai.co.za
Kassier en Finansies:
Esther Prinsloo - 044 690 8091
E-Pos: finansies@ngmosselbaai.co.za
Fasiliteitebestuurder:
Org v. Heerden - 083 378 2467
E-pos: fasiliteite@ngmosselbaai.co.za
Musiekleier: Irma Botha-082 615 8264
Jeughulp: Anthonette Erasmus -072 630 2594

PREDIKANTE

Gerrie: 044 690 5140/084 436 9420
gerrie@ngmosselbaai.co.za
Pierrié: 044 690 6797/076 110 4202
pierrie@ngmosselbaai.co.za
Henri: 044 691 1393/083 455 6940
henri@ngmosselbaai.co.za

FAMILIENUUS

SONDAG 10 Februarie 2019

08:00	10:00	18:00
Koelteboomdiens	**Sonskyndiens**	**Kuierkerk**
Prediker: Pierrie Kies **Skrif:** Lukas 15 **Tema:** Die God wat jou om die nek val en soen		**Prediker:** Henri Meyer **Tema:** Dissipelskap 3

KATEGESE

Nuuskierige Agies	**(3jr–Gr R)** – bly in die kerk	
Borrelklub	**(Gr 1-3)**	**08:50 – 09:50**
Woordweters	**(Gr 4-6)**	**09:00 – 10:00**
Gr 7-11		**18:00 – 19:45**

ADORAMUS Nagmaal om 7:00

Adoramus beteken "We adore Thee" of "Ons bewonder U".
Ons hou vandag weer in die Klipkerk 'n **nagmaal** met musiek, stilte en nadenke. Hiermee wil ons 'n ander soort rustige ervaring met en van God skep.

Baie welkom by vandag se Nagmaal eredienste

Die Sinodale kollekte gaan vandag vir Studentebearbeiding
Bediening aan studente is vir die kerk van die uiterste belang, want dit is 'n belegging in die geestelike vorming van môre se leiers. Die fondse wat hiervoor ingesamel word, word gegee vir bediening van studente op verskillende plekke. Die grootste gedeelte van fondse gaan na Stellenbosch se Kruiskerk en Wellington Moedergemeente. Ander kampusse wat bedien word, is Tygerberg en Kaapstad.

NUWE MENSE: Baie hartlik welkom in ons Christus-familie!
Ontmoet die Nuwe lidmaatbediening na 'n diens in die voorportaal.
Kom geniet 'n koppie tee/koffie na afloop van die eredienste by die Gemeentehuis

www.ngmosselbaai.co.za ngmosselbaai "Like" ons om lid te word en op hoogte te bly

AKTIWITEITE VIR DIE WEEK

MAANDAG 11 Februarie	06:30-07:00 Bid saam		
DINSDAG 12 Februarie	10:00 Henri se Vroue-Bybelstudie-groep		18:00 Aksie Samaritaan
WOENSDAG 13 Februarie	10:00 Senior Bybel-studiegroep: Gerrie		18:00 Coram Deo 2
DONDERDAG 14 Februarie	10:00 Opskoppers se Valentynstee	09:00 Coram Deo 2	18:00 Coram Deo 2
	24-uur Gebedswag (bid tuis vir ons gemeenskap, SA & wêreld)		
VRYDAG 15 Februarie	06:00-07:00 Henri – Wild at Heart-mannegroep	09:00 Coram Deo 2	

IN FOKUS

40 DAE REEKS

Ons roeping is *"om soos Jesus familie en vriend vir almal te wees."* Daarom kies ons 'n 40 dae reeks waarin ons die voetspore van die aardse Jesus volg met die reeks: "**Genooi om te volg**" n.a.v. die boek van Willem Nicol met dieselfde titel.

Dié reeks is vir ons van kernbelang. Dis in die hart van ons roeping om volgelinge van Jesus te wees en gevorm te word om soos Hy te leef en op te tree.

1. 20 Jan – Hy nooi jou
2. 27 Jan - Met oop arms
3. 3 Feb – 'n Nuwe wêreld
4. 10 Feb – Die God wat jou om die nek val en soen
5. 17 Feb – Wat staan sentraal?
- 24 Feb. – Sendingnaweek; Ina Steyn
6. 03 Mrt. – Die ligte lewe

DRUIWEPLUK BY JAKKALSVLEI

Jakkalsvlei het laat weet die druiwe sal vanaf **16 Februarie** gereed wees om gepluk te word. Daar was alreeds besoekers wat wou pluk en hulle moes ongelukkig leë hande terugkeer. Ons gemeente het jare terug die tradisie begin om jaarliks as 'n groep te gaan druiwe pluk en die dag saam te geniet. Kom ons doen dit weer. Sien jou daar 16 Februarie!!

FAMILIE INDABA: 27 Feb. 18:00-20:30

Kom ons gesels dieper oor "familie-sake"! Ons skep in een aand 'n geleentheid waar daar 'n paar gespreksforums is en waar opleiding gegee gaan word. Volgende week gee ons die onderwerpe, maar sake soos – **Hoe leef ek met depressie? Hoe leef ek met siekte/ 'n sieke? Wat is aan die gang met my tienerkind se brein?**
Dit gaan op verskillende plekke by die kerk aangebied word en jy kies watter een

JY'S GENOOI OM DEEL TE WEES:

OPSKOPPERS SE VALENTYNSTEE,

Donderdag, **14 Februarie 2019, om 10:00**, in die Klipkerk: kom geklee in wit en rooi en beleef saam met ons 'n oggend van NOSTALGIE!! BESPREEK EN BETAAL (R30pp) voor of op **10 Februarie** by Corné. Vandag is laaste dag vir bespreking en betaling.
ONTHOU ASB om jul troufoto's na Helmien te epos: helmienmare@gmail.com of selfs te WhatsApp (0836596116)! Dankie vir almal wat reeds gestuur het.
As jy dalk nog 'n tradisionele TROUROK het en bereid is om dit vir die 14de vir ons te leen vir uitstalling, skakel of WhatsApp asb. vir Helmien by 0836596116

EREDIENSBEDIENING

Ons wil ons **klank- en beligtingspan** uitbrei. Skakel vir Pierrié as jy belangstel of wil help. Ons beplan toerusting in Maart deur 'n professionele klankingenieur

ORRELKONSERT: Martin Mans

Martin Mans, wêreldbekende orrelis, tree op **20 Februarie om 19:00** in ons kerk op. Ons eie sangers vorm deel van 'n massakoor uit die dorp wat saam met hom optree. Dit behoort 'n besondere geleentheid te wees. Koste **R60 p.p.**
Kaartjies is by die kerkkantoor beskikbaar.

TEE VIR 80-PLUSSERS

Op Woensdag **27 Februarie om 9:30** word daar 'n tee vir alle lidmate van 80 jaar en ouer (plus hulle lewensmaats) in die Klipkerk gehou. Dit gaan 'n prettige oggend wees en alle 80 Plussers word baie hartlik daarheen uitgenooi. Indien u nie binnekort deur 'n verteenwoordiger van die Bediening gekontak word nie, kan u Marie van Nierop by 079 8866 598 vir navrae skakel. Ons wil graag getalle kry, om vir almal voorsiening te maak.
Teken asb. solank die datum aan!

BAIE WELKOM NUWE LIDMATE

Die lidmate is met Bewys van Lidmaatskap na ons gemeente oorgeplaas:
Karen Koorsen (nou Swanepoel), vanaf NG Kathu;
Willem Daniel Claassen en Cornelia Gerarda Tine De Groot (nou Claassen), vanaf NG Danabaai;
Stephanus Andries Pace en Deidré Erasmus (nou Pace), met kinders Kaylin en Francois, vanaf NG Danabaai;
Petrus Jacobus Joubert en Zylia van Eck (nou Joubert), met kinders Zané en Zolee, vanaf NG Danabaai;
Adolf Johannes Gouws vanaf NG Cradock en Maria Christina De Lange (nou Gouws), vanaf GK Brits.

GEMEENTEPIEKNIEK SKUIF NA 7 APRIL

Ons het op 1 Maart ons tentjie-aand en wil veral graag pa's, ouers en kinders 'n lekker kuier geleentheid bied. Sondag 3 Maart vir die gemeentepiekniek is dan net te naby!
So, ons skuif die piekniek – wat ook gerig is op gesinne en alle groepe en lidmate - na **Sondag 7 April** – die 1ste Sondag van die 2de kwartaal.

TENTJIE-AAND: Voorskool – Gr 3

Op **Vrydag 1 Maart** gaan ons weer, soos verlede jaar, 'n tentjie-aand hou vir die kinders voorskool tot Graad 3. Voorskoolse kinders moet vergesel wees van ten minste een ouer. Kom slaan jou tent op en geniet die aand saam met ons.
Inskrywingsvorms word vandag uitgedeel en moet op die laatste Sondag, 24 Februarie aan ons terugbesorg word.
Kostes beloop R50 per volwassene en R30 per kind.
Praat met Henri /Bessie as jy dalk nie 'n tent het nie en ook wil deel wees van die pret.

DATABASISVORM

Indien u nog nie 'n databasisvorm voltooi het nie, neem asb. een in die voorportaal of laai v.d. webwerf af. Handig by kerkkantoor in of e-pos na admin@ngmosselbaai.co.za.